

In hierdie uitgawe

- BI 1 Gedagtes oor Skrifbeskouing (Dr Gert Malan)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysers:** Die gesprek oor die Bybel
- BI 3 **Skrifbeskouing**
Eers die Woord, dan die Skrif (Dr Piet Boshoff)
Dr HCM Fourie (1882-1939) – Bybelvertaler (Dr Christo Pretorius)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
HTS Teologiese Studies – internasionaal kompetierend en plaaslik relevant
- BI 6 **Wat kerknous aanbetref**
Die Bybel praat in baie tale (Ds Wilhelm Steyn)
Projek Bartimeus verander steeds lewens (Karin du Toit)
Nuu by SENTIK
Regstelling: Eed van getrouheid (Dr Daan van Wyk jr)
- BI 7 **Gespreksforum**
Geloof en wetenskap (Dr Koos Engelbrecht)
Respekteer die gesag van die Skrif (Ds Martyn Redelinghuys)
Waarom so min briewe? (Prof Piet Geysers)
- Agterblad **Oordenking**
Julle hemelse Vader sorg vir julle (Ds Mari du Plessis-Manders)



Die gesprek oor die Bybel

Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig soos volg:

Dit is heeltemal 'n billike versoek wat gelowiges het om vir brandende lewenskwesties te vra wat die Bybel as leiding hieroor bied. Maar ons sal hierdie gesprek baie indringend in die kerke moet voer oor die wyse waarop en die metodes waarvolgens die Bybel as boek en die verskillende geskrifte in die Bybel as tekste gelees kan word om die riglyne vir die lewe te kan vind. Miskien kan uit hierdie gesprek in die Kerk iets gebore word wat daartoe sal dien dat ampsdraers en lidmate op 'n diep en indringende manier opnuut oor die betekenis van die Bybel sal besin en deelneem aan die gesprek. Meer nog, dat die Bybel weer opnuut ontdek sal word en die liefde vir die Woord in die Kerk sal groei.

Daar is egter 'n dringende voorwaarde vir so 'n gesprek om waarlik sinvol te kan verloop, en dit is dat ons dalk vinniger (en oper) sal wees om mekaar regtig aan te hoor en stadiger om mekaar te verwerp of te etiketteer. Kom ons aanvaar almal mekaar se opregte liefde vir en respek teenoor die Woord.

Dr Piet Boshoff skryf onder meer die volgende oor God se Woord:

Ons onderskei tussen enersyds die Woord van God, die evangelie, die goddelike openbaring, en andersyds die Heilige Skrif, die Bybel waarin die evangelie verwoord is. Die Woord is oorspronklik as die Bybel. Die Woord gee oorsprong aan die kerk as *creatura verbi*. Die kerk het tot diep in die tweede eeu nC sonder 'n vaste kanon klaargekom. Die kerk is dus ook oorspronklik as die Bybel, wat histories beslag gekry het vanweë die kerklike gebondenheid aan die evangelie. Die kanon is juis gevorm, nie om 'n grootheid in eie reg te wees nie, maar om die kerk met die openbaring te konfronteer. Die kanon kondig die evangelie oor die kerk af in histories bepaalde formuleringe. Daar bestaan ook nie 'n sogenaamde suiwer formulering van die evangelie nie; alle formuleringe daarvan is histories gesitueer en bepaal. Daarom sal die kerk nooit afstand kan doen van die kanon nie, want daaruit klink die verkondiging vir die eerste keer die kerk tegemoet. 'n Beter toegang tot die evangelie bestaan eenvoudig nie, want sonder die getuienis van die eerste getuies sal daar nie volgende getuies kan wees nie. As die kerk die kanon sou prysgee of verloor, sal die openbaringsgebeure, waarvan die Skrif getuig, ook verlore raak. As die getuienis van die Christusgebeure sou ophou, sal daardie gebeure ook geen effek meer hê nie en sal teologie en geloof ook nie meer Christelik wees nie. Waar die getuienis van die Bybelse oorlewering voortgaan, bind dit kerk en teologie aan die eskatologiese openbaring van God in Jesus Christus deurdat die bestaan van kerk en teologie voortdurend daarin begrond word. Omdat die openbaring geld, kan niks nuut kom wat ons sou nodig kry nie en niks nuut wat ons sou kon gebruik nie. Daarom kan ons die Bybel nie opvat as die oorkonde van 'n histories en religieus beperkte fase van ontwikkeling van die Christendom nie.

Opsommend: Die openbaring het as *Woord* in die kerklike oorlewering ingegaan, en so is die *Heilige Skrif* gevorm as die uitwendige houvas daarop, sodat die volgende geslagte dit ook kan hoor. Omdat die Skrif van die eenmalige openbaringsgebeure getuig, word dit *heilig* genoem, want vir dié wat dit hoor, getuig dit daarvan as die eindbeslissing, wat elkeen wat dit hoor dwing om daarvoor of daarteen te besluit. Die term *teks* dui aan dat die Woord weer uit die oorlewering wil tree en as aanspraak op mense verkondig wil word.